

STERRELIB

Nuusblad van Negester Klein-Kariba
Jaargang 4 No 7, Julie 2022



Wysheid of Grysheid



Met die Statebondspele wat binne 'n paar dae in Birmingham Engeland begin, gaan my storie vandag oor sport. Baie van julle wat graag na atletiek kyk, mag die voorval dalk onthou.

Ek praat van Derek Redmond, gedurende die 1992 Barcelona Olimpiese Spele. In die meeste items wat plaasvind in die Spele moet daar uitdunne gehou word. Atletiek is nie 'n uitsondering nie en so ook nie die 400m wedloop nie. Derek was een van die gunstelinge, gesien in die lig dat hy twee keer Brittanje se 400m rekord verbeter het, en dat hy deel van die Wêreld-Europese aflosspan was, toe hy in die eerste uitdun van die semi-finaal aangetree het. Hy het in die 5de baan weggespring, 150 meter later het hy gestop en sy regter dyspier vasgegryp. Derek het onmiddellik op sy knie afgegaan met sy hand steeds op sy dyspier en duidelik in baie pyn verkeer. Na 'n paar sekondes het hy – die uitsonderlike atleet wat hy was en gedetermineerd om die wedloop te voltooi - regop gekom en hinke-pink probeer draf na die wenstreep.

'n Ouer man het op daardie stadium deur die sekuriteitsversperring probeer kom en met omtrent 90 meter oor het Derek se pa sy arm om hom gesit om hom te help. "Jy hoef nie klaar te maak nie", het sy pa vir Derek gesê. "Ja, ek moet", het hy in trane geantwoord. "Wel seun, dan doen ons dit saam", en so met sy arm om sy seun het hulle na die eindstreep gestap. Net voor die wenstreep het Derek se pa hom gelos sodat hy alleen oor die streep kan stap. Met 'n staande gejuig en handeklap van 65,000 mense het Derek se pa hom weer gehelp tot waar die noodhulp hom verder ondersteun het.

Derek Redmond se naam verskyn nie op die lys van atlete wat die wedloop suksesvol voltooi het nie, aangesien hy deur 'n buitestander tydens die wedloop gehelp is. Dit was egter die gebeurtenis waaroor baie mense tydens die Spele gepraat het.

So terloops, Steve Lewis, Olimpiese kampioen van die VSA, het dié uitdun gewen, en later het Quincy Watts ook van die VSA, die finaal gewen. Ek moes dit Google, want ek kon nie onthou wie die wenner was nie, maar tog... tog kan ek alles omtrent Derek Redmond onthou. Nou wonder ek, miskien hoef jy nie altyd die wenner te wees... om onthou te word nie.

Komma, of 'n Punt.

Ria

Spreekwoorde

Maar voor ek by die regte idiome kom - eers hierdie standerd vier Afrikaans: voltooi die spreekwoorde: * Hoe meer haas antwoord: hoe groter pastei * hoe kaler jonker antwoord: hoe stouter in die donker. As die kat weg is antwoord: hou die muise paartie. Nou die regtes .

Iets te berde bring: iets laat bespreek. Berd is `n bord of tafel, dus iets na vore bring om dit te bespreek.

*Elke dassie prys sy kwassie - prys jou eie wat ook al.

*Daar gebore en getoë. Getoë = opgevoed * Korte mette maak: Mette is Roomse-oggendgebede. Hou die gebede kort dat ons kan gaan eet of wat ook al doen.


Henk Kruger

Reënval



Junie 2022

Totaal 11.0 mm² Reëndae.



Albert Behrens

9'e sterre neem deel
in Sterrelig!!!

Dankie vir al die "outeurs" in
Sterrelig!

As jy nog nie jou storie/artikel
met ons gedeel het nie, dan is
dit nou jou kans... .



Enige bydraes vir Sterrelig kan ge-
e-pos word aan:

sterrelig9ster@gmail.com



Boererate

"Don't try this at home...!"

Vir Hoofpyn:

Neem een aartappel, skil af en sit elke kant van hoof (op slape) een skyf rou neer.

Vir Hik:

- Sewe hande vol water, sonder om asem te haal, stop hik dadelik.
- Indien aanhou hik, drink 'n bietjie Gin.
- Laat die persoon wat hik 'n glas water drink terwyl iemand sy ore styf toedruk.



Vir Verfkwas:

Draai kleeflint om 'n verfkwas se hare nadat dit gewas is. Dit sal verhinder dat die punte in alle rigtings staan en die kwas sal weer soos nuut lyk.

Vervolg...

LAG 'N SLAG



Wie's skuldig:

Meneer: En toe Koos, wat sê jou pa van jou rapport?

Koos: Hy is woedend meneer. Meneer sal 'n volle twee maande uit sy pad moet bly.

Omgewingsdag
10 September

8:30

Kom plant saam 'n boom of struik

Luister na kundige sprekers soos
Warwick Tarboton oor die
Waterberg se voël en dierelewé

Leer van indringers, wildsbestuur
ons 9 Ster klein diertjies en vele
meer

Daar sal inwoner-kosstalletjies
wees en plantuitstallings en verkoop

Ons sluit die middag af met 'n
saamkuier bring-en-braai

NEELSIE KAT

MNR. NEELSIE

Neelsie was 'n geelkatman. Vir 'n paar weke lank as ek middae na werk tuiskom, wag hy ewe galant vir my by ons huis se oprit. Hy flikvlooii, maak kat rolletjies in die sand en prrrrrr onophoudelik. Hy dra 'n bandjie waarop 'n Engelse naam gegraveer is en 'n telefoonnummer. Ek herdoop hom na Mnr. Neelsie. Duidelik iemand se kat. Ek sien hy spring oor die heining as ek hom nie innooi nie, seker die nuwe bure se kat? So hou dit aan. Volgende maak hy vriende met ons Staffie! Die twee word baie goeie vriende, so nooi die Staffie vir Neelsie om in die huis by haar in haar bed te slaap en begin eet hy ook sommer ons eie kat, Miss Maaukie, se kos.



Rustig tel ek vir Neelsie oor die heining om huis toe te gaan. Maar die kat kom weer! Eendag toe ek weer sien sit hy ewe kordaat, pennetjie regop in die eetkamer op die tafel. Ek kry die boodskap: "Ek bly nou ook hier!" Sjoe, ek skakel die nommer op sy bandjie en ja, dit is toe die nuwe bure se kat, een van dertien, sê die buurvrou, ek kan maar vir Neelsie kry. Weet nie wie van ons twee die blyste was nie? Dan vertel sy vir my dat Neelsie by huis nommer een, in ons straat, gewoon het. Die eienaars het verhuis en toe het Neelsie by al die huise aangeklop vir versorging en woon hy nou so drie maande by hulle. Meteens kry ek Neelsie so jammer, omdat ek hom ook herhaaldelik weggestuur het.

'n Nuwe katvriendskap word gebou. Neelsie is sekerlik die mooiste kat wat ek ooit gehad het, maar iets van sy swaar katkind-dae het in hom vasgesteek. Saans het hy onrustig geraak en wegeloop. Middernag het hy teruggekom. 'n Paar keer was hy vir dae lank weg en wanneer hy terugkom was hy dikwels in 'n gehawende toestand.

Eenmaal na so 'n wegloop-sessie, hoor ek hom van ver af roep: "Miaau – miaau". Ek hardloop na buiten en sien hy sleep sy agterlyfie. Dit is deurgeskaaf en die bloed loop daaruit. Ek tel hom op en ten spyte van die ondraaglike seer begin hy vir my prrrr en hy hou nie op nie. Die veearts diagnoseer 'n gebreekte been. Hy kan 'n operasie doen en dit spalk en in gips sit. Hy sal die beentjie as 'n stut kan gebruik, maar nooit weer daarmee kan vastrap nie. Etlke rande later is Neelsie tuis. Hy moet vir 3 weke in intensiewesorg gehou word. Ek ontruim my studeerkamer, al wat oorbly, is sy bedjie en sy kosbakkies. Na die 3 weke in intensief haal die veearts die gips af. Die beentjie het mooi aangegroei. Neelsie mag nou bietjie meer rondbeweeg.

Tuis gekom laai ek hom versigtig af en sê vir hom hy kan nou maar in die hele huis rondloop. O wee, 5 minute later is Neelsie skoonveld. Baie laat die aand kom hy huis toe. Beentjie weer gebreek, sleep weer die agterlyfie! So het dit aangehou totdat ek nie meer die seer in sy ogies kon hanteer nie en die moeilike besluit oor sy lewetjie moes neem.

Wat leer ons uit Neelsie se storie? Ons Hemelse Vader is lief vir ons en nooi ons elke keer terug na sy Vaderhuis/hart. Net soos wat Neelsie in die grootste pyn bly was, prrrrrr wanneer hy my sien, verheug ons Hemelse Vader hom oor ons. Kom ons loof Hom.

Neelsie



BORG 'N BANKIE

Het jy 'n oulike idee en wil dit graag deel, maar weet nie waar nie? Die Sterrelig is dan net vir jou. 'n Voorbeeld is: Borg 'n bankie. Dié oulike bankies, wat reeds hier op ons landgoed pryk, kan dalk ter nagedagtenis aan iemand of selfs terwyl ons nog hier is, geborg word. Naamplaatjies kan aangebring en die bankies kan op staproetes, in die nuwe, gerehabiliteerde dele naby die swembad of waar jy verkies, geplaas word.



Afhangende van die verskaffer is die prys R1 499.00 of meer. Die Direksielede en Landgoedbestuurder kan die idees bespreek en die wiele aan die rol sit. Deel gerus enige positiewe idees.

Kontak

Des of Dawie

‘n Boodskap uit die landgoedkantoor



Dagsê aan al ons Negesterre.

Kan julle glo ons is alweer op pad somer toe? Met die draai van die seisoen op die 21ste Junie word ons dae weer bietjie langer... nie noodwendig warmer nie.

Junie was een van daardie ongesiene, klaarblyklike “stil maande”. Een van die “agter die skerms” besige maande. Die manne was deeglik besig met die voorbereidings vir voorkoming van veldbrande, instandhouding van toerusting en die konstante skoonmaak van blare... soos julle ook seker by julle eie huise ondervind.

Ons het ook ‘n nuwe Mahindra-bakkie aangekoop. Die brandbestrydingstoerusting is daarop aangebring. Julle sal hom van tyd tot tyd sien rondbeweeg, want hy sal ook vir talle ander take aangewend word.

Die veiligheid rondom ons swembad geniet aandag en die veiligheidsreeëling is in die eerste deel van Julie opgerig.

Ons het ongelukkig ook in Junie drie waterpyplekke gehad wat gelukkig vinnig uitgesorteer was. Verder is ons watersisteem baie stabiel. Beurtkrag speel ‘n groot rol en beïnvloed baie van ons gewone werk en take. Hier bedank ek al ons personeel vir die positiewe manier waarmee hulle dit hanteer en daar rondom werk.



Dankie weereens aan al die inwoners vir hulle positiewe bydraes. Ek waardeer dit opreg.

Groete

Dawie van Niekerk (Landgoedbestuurder)

9Ster stap saam in die virtuele staptog teen plaasaanvalle en -moorde

Donderdag 16 Junie is dié gebied se eerste werklike koue wintersoggend. Omrent 07:30 is die temperatuur by drifjie -3°C grade en lê die ryp plek-plek spierwit.

Teen 08:30 is die temperature aansienlik hoër en versamel sowat 30 inwoners net buite die gesondheidsorgsentrum om elkeen hulle 6 km bewusmaking-stap af te lê. Die simboliese gebaar is landwyd geïnisieer deur die TLU en daar word beoog om altesaam 6065 km af te lê: ‘n Kilometer vir elke aangetekende plaasaanval. Negester se deelname is ‘n Maandagogged tydens water-oefeninge in die warm swembad by Klein-Kariba gebore. Wilna van Zyl deel met ons die verhaal van haar broer en sy familie wat wreedaardig in 2021 op hulle makadamiaplaas aangeval is. Genadiglik het hulle oorleef. Meer verhale word gedeel en almal van ons ken iemand of weet van plaasaanvalle waar boere, vir klaarblyklik geen rede, aangeval is nie. Ons gaan stap, koud of te nie en gaan sommer ons manne ook saamsleep (of hulle vir ons 😊) en alle inwoners gaan ook saamgenooi word.

Die stappery word vooraf geopen met gebed, ons land se boere, ons eie aftree-oord en ons land word in God se hande gelê. Op ‘n ligter noot spring ons al geselsend weg. By die aansluiting met die hoofpad, langs die stopstraat wag die voorlopers vir die agterosse. Louis en Alta van die groen karavaan bederf al die stappers met heerlike warm, soet pannekoek en ons spat weer uitmekaar nadat daar nuwe vriende gemaak is. Dalk moet ons die stappery ‘n gereelde instelling maak . . . Des



Die stappery word vooraf geopen met gebed, ons land se boere, ons eie aftree-oord en ons land word in God se hande gelê. Op ‘n ligter noot spring ons al geselsend weg. By die aansluiting met die hoofpad, langs die stopstraat wag die voorlopers vir die agterosse. Louis en Alta van die groen karavaan bederf al die stappers met heerlike warm, soet pannekoek en ons spat weer uitmekaar nadat daar nuwe vriende gemaak is. Dalk moet ons die stappery ‘n gereelde instelling maak . . . Des

EK EN MY

STOKPERDJIES

Johann Hattingh
Huis 198, Negester

Kersfees van 1967 het ek en my twee broers `n treinstel as Kersgeskenk gekry. Hierdie treinstel het algaande groter geraak namate ons trokkies en lokomotiewe bygekoop het. `n Paar jaar later het die drie broers, na skool, elkeen sy eie gedeelte van die treinstel met hom saamgeneem.

Omdat dit haas onmoontlik was om gedurende die 1980's en 1990's Suid-Afrikaanse Spoorweë se trokkies en lokomotiewe te bekom, het ek besluit om dit self te vervaardig. Gedurende my hoërskoolloopbaan in `n Tegniese skool, het `n onderwyser my die vaardigheid aangeleer om te ets.



Etswerk word gedoen wanneer koperplaat met ferreychloried (Lennon se staaldruppels) gesny word. Die gesnyde koperplaat word dan met die hand gevorm, aanmekaar gesoldeer, geverf en daarna word dit "gedecal". Nadat die lokomotief gebou is, word dit met `n DCC dekoderder toegerus sodat ek die lokomotief totaal kan beheer deur sekere opdragte te gee byvoorbeeld: om vorentoe of agtertoe te ry, ligte aan en af te sit, fluitjie te blaas en die stookaksie (geluid van graaf en kole gooi) na te boots.

Ek leef in my eie wonderwêreld deur op my treinuitleg wat op `n skaal van 1:87 gebou is, bestaande uit stasies, dorpies, hooflyne en slyne rangeerwerk te doen soos wat dit werklik gebeur het `n klompie jare gelede. Van `n klein begin het my stokperdjie nie net `n stokperdjie gebly nie, maar tot `n volskaalse besigheid gegroei.

Modelle bou is een van my passies, en ek is dankbaar vir goeie gesondheid wat my die geleentheid gee om dit uit te leef. Enigiemand is welkom om, wanneer ek tuis is, te kom besoek aflê by my wonderwêreld.



NOODNOMMERS

Ambulansdiens Life 24	082 040 5003
Brandweer	014 736 8000
Polisiediens	072 839 5587
HD Elektries (Dirk)	083 660 0319
Loodgieter (Eric)	083 281 7789
Suster Delia	082 494 2717
Landgoedbestuurder (Dawie)	071 734 3618
Hospitale	
Provinsiale hospitaal	014 736 7300

VARS GEDRUK...

Ek sit op my stoep en luister na die wind wat liggies deur die takke waai. Kan julle glo, ons is al in die maand waar die wind begin waai en ons sien almal al uit na die lente. Baie geluk aan die inwoners met jul mooi wintertuine.

Dié maand se boek gaan ook oor 'n tuin, "n Tuin vir Tessa", deur Helena Hugo. Helena ken haar karakters en met besondere vaardigheid ontwikkel sy hul gedagtes, emosies en doen en late. Tessa Heyns het die perfekte lewe; haar man Altus se besighede doen goed en haar seuns is goeie kinders. Sy woon in 'n pragtige huis in 'n spogbuurt.

Tessa het van kleins af gehou van tuinmaak, 'n groentetuin onder die wakende oog van haar pa, 'n roostuin met die hulp van 'n kundige ontwerper, en 'n Kaapse tuin wat die seewinde kan trotseer. Haar tuin is haar stukkie hemel, haar skuilplek, die plek waar sy troos soek en kry.

Die laaste tyd begin Altus se stilte haar pla. Wie of wat sit daaragter? En beteken dit dalk dat sy haar tuin sal moet prysgee?

As die boek nie beskikbaar is by die biblioteek nie, kan julle die boek by my kom leen.

Groete van stoep tot stoep.

Carol



Tong in die kies . . .

'n Ryk man gaan stap langs die kaai. Hy sien 'n visserman wat luilekker uitgestrek lê langs sy vissersbootjie.

Die man: Haai, hoekom is jy nie op so 'n pragtige, sonskyndag uit op die water nie?

Die visser: Ek was al uit en het gevang wat ek nodig het.

Die man: Gaan weer uit man, vang nog.

Die visser: Hoekom? *Die visserman is nou baie verbaas.*

Die man: Dan maak jy meer geld. Koop dan 'n groter boot en goeie visvanggereedskap.

Die visser: En wat dan...wat doen ek dan...?

Die man: Dan vang jy meer vis en kry nog meer geld.

Die visser: En wat dan...wat doen ek dan...?

Die man: Dan kan jy agteroor sit en die lewe geniet!

Die visser: Ag nee...jy sien nie. Presies dít...Ek doen dit alreeds!

Gusta

Rocking Horse Kwekery

Bring die advertensie saam vir
20% Afslag
op alle Plante en Bome

SCHOEMBIE GARDENS

Garden Service / Tuin Dienste
Landscaping / Landskap argitektuur
Grass / Gras
Succulents / Vetplante
Trees / Bome
Irrigation new and repairs / Besproeiing nuwe en herstel werk

**TEL: 064 318 0168 /
064 342 3376**





S O R G S E N T R U M

DIENSTE BY SORGSENTRUM

In die lig van die groot getal nuwe inwoners wat die afgelope tyd in Negester ingetrek het word besonderhede weereens verstrek van die dienste wat by die Sorgsentrum gelewer word.

1. Primêre Gesondheidsorg:

Kliniekdienste is elke weeksdag beskikbaar vanaf 07h30 tot 09h30 by die sorgsentrum.

Kliniekbesoeke op ander tye van die dag geskied per telefoniese afspraak.

Die dienste wat deur n Geregistreerde Verpleegkundige aangebied word behels die volgende:

- Bloeddruk monitering
- Wondsorg (beserings sowel as post- operatief)
- Toets van bloedglukose en cholesterolvlakke
- Uriene toetse
- **Neem van bloedmonsters vir versending na laboratorium**
- Toedien van griep- en vitamiene-inspuitings
- Ander inspuitings volgens voorskrif van mediese praktisyne
- Byhou van pasiëntrekords
- Verpakking en beheer van medikasie van inwoners, indien nodig
- Tuisbesoeke:
 - Assessering van nuwe intrekkers en huurdere
 - Opvolg tuisbesoeke eenmaal per jaar by alle inwoners
 - Besoeke soos versoek deur inwoners bv. na groot operasie
 - Noodgevalle waar noodknoppie gedruk is
- Tuisverpleging:
 - In gevalle waar n tuisverplegingsdiens versoek word, word die nodige assessering gedoen en word die pasiënt (en familie) bygestaan met die verkryging van 'n kwotasie van Medwell SA.
 - Indien die kwotasie aanvaar word, word reëlings getref vir die plasing van 'n versorger op 'n 12 uur of 24 uur basis.
 - Beheer en toesig word oor die versorger toegepas
- Covid-19:
 - Dit is belangrik dat alle inwoners wat positief toets vir Covid -19 dit by die sorgsentrum aanmeld sodat statistieke bygehoud kan word en ook om te weet wat die omvang van die siekte in Negester is.



Covid positiewe pasiënte word ondersteun met betrekking tot medikasie en enige ander benodighede, bv. suurstof of opname in 'n hospitaal indien nodig.

2. Aptekdiens:

Inwoners kan enige aptek in Bela-Bela telefonies of per WhatsApp kontak met 'n bestelling vir oor die toonbank- sowel as voorskrifmedikasie. Indien die bestelling voor 12h00 geplaas word kan die medikasie dieselfde dag vanaf 14h00 by die sorgsentrum afgelewer word en sal die inwoners in kennis gestel word wanneer dit daar afgehaal kan word. Betaling geskied elektronies of per kredietkaart of inwoners kan 'n rekening by die aptek open.

3. Voetsorg:

Chinelle van Niekerk van Salon Cleopatra is elke Maandag vanaf 09h00 by die sorgsentrum beskikbaar vir voetversorging asook vir gesigsbehandelings. Afsprake kan by die sorgsentrum of by die salon (0147365884 of sel: 0828765842) gemaak word.

4. Haarkapper:

Marieta van Salon Marieta is elke Dinsdag vanaf 08h00 tot 15h00 by die Sorgsentrum beskikbaar. Skakel haar by tel nr 0813402161 vir 'n afspraak

5. Oudioloog:

Cornelia Matthysen van Matthysen audioloë is elke 2de Dinsdag vanaf 9vm tot 1nm by die sorgsentrum om gehoorstoetse te doen. Sy doen ook passings van nuwe gehoorstukke sowel as die herstel- en diens van gehoorstukke. Afsprake met haar moet by die sorgsentrum gemaak word.

6. Pastorale Berading:

Dr Annatjie Moore bied Pastorale berading by die sorgsentrum aan. Afsprake kan by haar gemaak word, by tel nr 0147362580.

7. KANSA:

Verskeie kankeropsporingstoetse word 1x per jaar deur KANSA-personeel by die sorgsentrum gedoen.

8. Fisioterapie:

Jacky Huisamen doen fisioterapiesessies op Vrydae-namiddae op 'n afspraak basis. Afsprake moet asb by die sorgsentrum gemaak word.

Delia Venter

(Gesondheidheidsorg Bestuurder)



Wie kan ek kontak?

GESONDHEIDSORG AUGUSTUS

KLINIEK	014-736-3364	014-736-2770
Nood-nommer		072 312 3499
Berading daagliks beskikbaar per afspraak (Annatjie Moore)		014-736-2580
GROEPWERK (Annatjie Moore)	014-736-2580	
Inligting oor Kansa (Nellie Buitendag)	014-736-2725	

Maak asseblief afsprake		
Maandae – Vrydae	7h30-9h30	Kliniek
Maandae	7h30-9h30	Voetsorg
Dinsdae	7h30-9h30	Haarsorg
Dinsdae	7h30-9h30	Oudioloog (Elke 2de Dinsdag)
Vrydae	Middag	Fisioterapeut



'n Kasteel by Kranskop

Storie vir Landbouweekblad geskryf deur Henk Kruger.



Die Waterbergse Bosveld het sedert Saterdag, 7 Julie 2012, sy eie kasteel.

Castle de Wildt is die verwesenliking van die drome van Bernard Groenewald - 'n ontsagwekkende gebouekompleks met die voorkoms van 'n middeleeuse kasteel, so reg uit die hart van die Skotse hooglande of die Spaanse platteland, met sy torings, bastionne, watervywers en binnepleine tot die gepantserde ridders in hulle metaalharnasse wat die hele plek oppas.

Digby die Kranskoptolhek, op die Nylstroompad (die R33), net waar die Eerstbewoonpad aansluit, het Bernard in Desember 2011 begin om hierdie kompleks te bou as sentrum vir sy wildveilings. Self ontwerp, met die hulp en advies van 'n argitekvriend, het hy met die boma's begin, toe die kantore en die groot voerstoel, wat later deel van die groot veilingslokaal geword het. En orals die toeringvestings van die tipiese kasteel-model, wat die plek 'n middeleeuse voorkoms en gevoel gee. Maar 'n middeleeuse kasteel sou waarskynlik nie so'n ruim raadskamer met glansende meubels gehad het nie. Dalk wel 'n goedvoorsende kroeg, soos hier, maar ook nie 'n biljarttafel met 'n karmosynrooi blad nie.

Op Saterdag, 7 Julie 2012 is die eerste wildveiling deur Vleissentraal in Castle de Wildt gehou. Toe Niel Swart die bod op die eerste swart rooibokram op R260 000 toeslaan het mens geweet: hier gaan vandag groot geld gepraat word. En so was dit ook! Swart rooibokramme, groepies swart rooibokooie, njalabulle en –ooie, swartwitpensbulle en –verse, en bosbokke het in die hokke gewag om onder die hamer te kom.

Maar die hoë pryse van die dag is deur die goue wildebeeste behaal. Geteel deur mnr. Barry York en sy seun Richard en verkoop onder die vaandel van Golden Breeders, is hierdie diere teen rekordpryse verkoop (kyk die kassie aan die einde van die artikel).

Dit was waarskynlik een van die grootste byeenkomste van die publiek wat in 'n lang tyd op Modimolle (Nylstroom) plaasgevind het. Volgens inligting was daar tussen 4500 en 5000 mense op die terrein. Die meerderheid was belangstellende besoekers, maar daar was ook voornemende kopers wat met vliegtuie, helikopters en luukse vier-by-viers vanuit al die provinsies en Botswana aangekom het. Al die gastehuise in Nylstroom was vol besoekers.

Van die kopers was van so ver as Wellington in die Wes-Kaap.

Bernard (33 jaar) het 'n paar jaar gelede by sy pa oorgeneem. Hulle doen eiendomsverhuring, bedryf 'n wildboerdery op die Springbokvlakte en het nou ook die veilingswêreld betree met die bou van Castle de Wildt. Bernard beklemtoon die feit dat al die strukture self beplan en opgerig is deur sy eie werkers onder sy leiding. Johan Oosthuizen is die Hoof Uitvoerende Beampte (wildbedryf) en Hendrik van der Walt is hoof van verkope. Onder die ander werkers is James Ngobeni sy regterhand. In totaal het hy gemiddeld 500 werkers in sy diens.

Toe die geboue voltooiing genader het, het hulle begin om die eerste veiling te beplan. Bernard se eie swart rooibokke was 'n belangrike deel van die wild wat op die veiling was. Die katalogusse is deur hulself ontwerp en laat druk. Richard York het hierveral 'n belangrike rol gespeel.

Die atmosfeer by die veiling was feestelik, met verversings wat gratis bedien is.



Bernard Groenewald, sy vrou Anerien en hulle twee dogters Lené (5) en Kaylin (3)

Tydens die veiling is DVD's van die diere op 'n groot skerm vertoon. Kopers kon natuurlik voor die veiling die diere in die bomas gaan besigtig. Die klank- en beeld elektronika is deur Franna Benade hanteer.

Bernard en Vleissentraal beklemtoon die feit dat die veiling eties baie korrek behartig is - geen spookbieërs nie. In die groot saal het waarnemers ("spotters") op verskillende punte die afslaer se aandag op bieërs gevestig wat dalk bietjie ver van hom af in die saal gesit het.

Na die veiling is die diere deur die verkoper vir 14 dae verseker en op die verkoper se koste tot op die koper se plaas vervoer.

Die veiling op Castle de Wildt het 'n nuwe standaard vir wildveilings gestel.

Henk Kruger

Kassie. Pryse van wild

Goue wildebeesbul hoogste prys	R800 000
Swart rooibokooie	R255 000 stuk
Goue wildebeeskoei dragtig	R700000
20 swart rooibokooie	R230 500 stuk
Swart rooibokramme gemiddeld	R205 000 stuk
Swart rooibokram hoogste prys	R260 000
1 bosbokram en 2 ooie	R13 500 stuk
Split wildebeeskoei met haar goue verskalf	R375 000
1 swart rooibokram + 5 splitooie	R60 000 stuk
30 njaloooie	R10 344 stuk
Een njalabul: hoogste prys	R24 000
Swartwitpensverse (Matetsi) gem.	R274 524 stuk
2 swartwitpensverse (dragtig)	R310 000 stuk
Zambiese kruisverse	R370 000 stuk
Goue wildebees verse dragtig	R590 000 stuk
20 6-maande oue splitgoue wildebeesverse	R61 250 stuk
45 uitsoek wildebeeskoeie dragtig van goue wildebeesbulle gemiddeld	R31 056



Die ingang na een van die boma's

Nota. Die kasteel is onlangs deur Gys Pitzer gekoop.



POTJIEKOS

Potjie-kos fees ten bate van KANSA.

12 Aug om 17:30 in Klubaal.

R120 pp

Bespreek asb by Nellie-083 680 6965

KORTTERMYNVERSEKERING VIR AFGETREDENES

AANGEBIED DEUR NSB


WIE IS NSB?

NSB is 'n korttermynversekeringsmakelaar wat reeds meer as 24 jaar na kliënte se belang omsien.

Ons is kontraktueel met 12 versekeraars verbind om te verseker dat ons verskeie opsies kan bied om elke klient se risikoportefeuilje te pas.

Ons lewer persoonlike diens en waarborg gemoedsrus.

Gespesialiseerde produkte en voordele vir u as afgetredenes.



ONS WIL GRAAG MET U 'N AFSpraak REËL OM U PORTEFEULJE TE HERSIEN.

Vir 'n gratis kwotasie SMS/WhatsApp gerus u naam en nommer na 066 286 0274.
Voeg aeb by u boodskap Negeeter.



TROTS GEASSOSIEER



Devander House
298 Stokkiesdraai Str
Erasmusrand, Pretoria, 0181
Tel: +27 (0)86 184 3672
Epos: info@nsb.co.za
www.nsb.co.za

Volg ons op Facebook en Twitter
Gemagtigde verskaffer van finansiele dienste, FSP no: 16908

Annatjie Moore op die bank met Sandra



Wat 'n voorreg om hier op Negester te bly en sommer net by iemand te kan "inval" en dan so lekker te kuier dat 'n uur soos 'n paar minute voel. Wat my opval toe ons by Annatjie kuier is haar omgee vir mense en liefde vir plante. Haar binnehof is vol kleurvolle orgideë.

Annatjie en Sarel het hul in 2016 op Negester gevestig, maar weens sy gesondheid is Sarel na vier jaar in Rusoord opgeneem waar hy baie goed versorg word.

Hulle was van die eerste intrekkers en het Negester se ontwikkeling beleef. Aanvanklik was die elektrisiteit nie aangelê nie en is elektrisiteit deur 'n kragopwekker voorsien. Die strate was ongeteer en hul het die aanskakel van die eerste straatligte beleef.

Sarel het op Harrismith grootgeword, gekwalfiseer as landbounavorser en gespesialiseer in melkbeeste. Hy vestig hom op Queenstown en ontmoet vir Annatjie op 'n KJA-streekskamp, hul is 1981 getroud. Later bestuur hy die melkbeesprestasieskema by die LNR.


Annatjie het op Steynsburg in die Karoo grootgeword waar sy tot en met graad nege skool gegaan het. Sy voltooi haar skoolopleiding op Cradock. Annatjie is 'n lewenslange student. Sy begin haar studie op Wellington, doen 'n honneurs- en haar meestersgraad by die Universiteit

van die Vrystaat. Annatjie se meestersgraad handel oor 'n statistiese beplanningsmodel vir maatskaplike werk, sy word aangestel in 'n bestuurspos by die administrasie Volksraad, sy ontwikkel 'n rekenaarprogram om die maatskaplike statistiek te bestuur.

Sy begin haar loopbaan as maatskaplike werkster by die ACVV op Dordrecht. Maak 'n draai in Queenstown, Port Elizabeth, Bloemfontein en vestig hul in Pretoria waar hul vir 35 jaar woon. Annatjie het gedurende die tyd haar doktoraal deur Kovsies voltooi. Sy skryf haar tesis met 'n pastorale narratiewe model vir maatskaplike werk. As gevolg van haar kundigheid het Nasionale Tesourie haar genader om 'n beplanningsmodel vir alle staatsdepartemente uit te rol. Sy ontwikkel ook 'n monitering- en evaluasiestelsel op versoek van die kantoor van die vorige president, meneer Zuma. Dit het haar die geleentheid gegee om die wêreld vol te reis vir navorsing,

Sarel en Annatjie het twee kinders en twee kleinkinders, Elsa wat getroud is met Kobus en die kleinkinders Thene en Anika woon in New Zealand, Willem werk tans in Dubai maar verhuis eersdaags na Frankryk.

Annatjie is 'n hartsmens, wat baie omgee vir mense. Sy stap graag en is lief vir skryf. Dankie vir die vrywillige diens wat jy by die sorgsentrum lewer en dat jy jou kennis en vaardighede in Negester en sy mense terugploeg. Jy blom soos 'n orgideë hier tussen ons.



Spreuke uit C.J. Langenhoven...

Loon:

"Help jou swakte mededinger op die bene bly. As hy tot niet gaan kom daar straks 'n sterke in sy plek."

Om te adverteer in Sterrelig:
E-pos vir Nellie Buitendag:
goempieb@gmail.com



Boshoff EIENDOMME *Carin Boshoff*

Negester
KLEIN-KARIBA

Contact me

Carin Boshoff | 082 419 4642
carin@boshoffeiendomme.co.za

Kindergebede

"Lieve Jesus, sorg asseblief vir Oupa en Ouma en Pappa en Mamma.
Sorg ook vir tannie San wat altyd lekkers bring as sy kom kuier.
Jesus kyk mooi na ons Waghond wat ons oppas en Kat wat die muise in ons huis vang. Help
ook vir Juffrou dat haar kop nie seer word nie, en die President, en die arm kindert jies.
Lieve Jesus, kyk mooi na jouself asseblief, want as Jy iets oorkom...is daar groot gaos.
Amen"

▲▲▲▲▲▲▲▲▲▲▲▲▲▲▲▲▲▲▲▲

"Lieve Jesus, hou asseblief Suid-Afrika skoon. Amen"

▲▲▲▲▲▲▲▲▲▲▲▲▲▲▲▲▲▲▲

"Lieve Jesus. Ma en Pa sê altyd: "Pasop, alles met 'n -te- aan kan gevaaarlik wees." Maar
wat dan van groen"te" en vrug"te" en "te"vrede met wat ek het? Ek verstaan nie mooi
nie. Amen"

Gusta



Aan alle vroue



Negester Huiseienaarsvereniging

KAPITAAL BEGROTING

Ons as HEV gee graag terugvoer oor Negester se kapitale begroting. Daar is begroot vir sekere verbeteringe en 'n spesiale heffing is ook ingestel vir uitvoering van die volgende:

- Installeer van Energizers vir die effektiewe monitering van die lyndraad asook die verkryging van die finale COC.
- Aankoop van 'n bakkie vir brand bestryding doeleindes.
- Beveiliging van die hoë muur van die swembad.
- Aankoop van 'n kappie vir die ou bakkie vir die vervoer van werkers en beveiliging van items aangekoop.
- Voltooiing van die jukskeibane.

Nou wat is die situasie nou?

- Die energizers vir effektiewe werking van die heining is aangekoop en geïnstalleer. Daar was in die proses tekortkomings op die heining geïdentifiseer en dit is ook reggestel. Uitstaande is die COC wat later gefinaliseer word.
- 'n Bakkie is aangekoop vir brandbestryding en die vuurvegter toerusting is daarop aangebring.
- Die "Clearview" heining by die swembad is geïnstalleer.
- Uitstaande is die aankoop van 'n kappie vir die ou bakkie asook die voltooiing van die jukskeibane.

HEV direksie

Graag bedank ons alle eienaars vir die betaling van die spesiale heffing om dit moontlik te maak dat ons Negester kan uitbou tot 'n uitmuntende oord waar ons in harmonie kan saamleef.

ALGEMENE JAARVERGADERING (AJV)

Die algemene jaarvergadering is op beplanning vir 24 September 2022. Die amptelike kennisgewing sal later binne die voorgeskrewe tydperk soos vervat in die Akte van Oprigting (AVO) of soos meer bekend die *Memorandum of Incorporation* (MOI) uitgestuur word.

Hoekom noem ons dit nou reeds? Omdat daar twee HEV direksie poste vakant is en die direkteure slegs tydelik aangestel is totdat die AJV plaasvind. Daar moet dus, deur die inwoners, kandidate vir die direkteursposte genomineer word wat tydens die AJV verkies sal word.

Die proses vir die nominasie en verkiesing van direkteure is vervat in die AVO. Dit behels in kort: potensiële kandidate moet skriftelik genomineer word (vorms is by die HEV kantore beskikbaar) met 'n gepaardgaande kort CV van die genomineerde persoon. Die dokumente word by die kantore ingehandig. Tydens die AJV sal die nominasies voor gehou word en sal daar 'n stemming plaasvind. Inwoners word versoek om hulself op datum te bring met die voorskrifte soos vervat in die AVO.

STERRELIG SE NEGESTER WINTERTUINKOMPETISIE

Inskrywings: R50 per inskrywing.

Pryse kan gewen word.

Inskrywingsvorm by HEV kantoor.

Sluitingsdatum vir inskrywings: 29 Julie 2022.

Beoordeling van tuine sal voor **12 Augustus 2022** gedoen word.

Navrae: Dawie 071 734 3618
Nellie 083 680 6965



Sekuriteit

Vlakvark – Spitbraai – kuier - saam...

'n Braai is een ding. 'n Spitbraai met 'n vlakvark...dit is nét die ding! Saterdag 25 Junie 2022: Lyk na reën...dis koud...en die lug is toegetrek...die manne van die Nood- en Sekuriteitsbelangegroep is nie afgeskrik nie. Ben, Neville en Thinus se planne is agtermekaar. Nie eers die beurtkrag kan hul planne in die wiele ry nie, nog minder hul gees demp.

Die gasspitbraaier staan reg, die vlakvark is met spesery-goete gespan. Die klein uitjies en aartappeltjies word voorberei om saam in die sousie, onder in die braaier, gaar te word. Nog manne staan nader en die gesels word lekker. Derek, Negester se eie "DJ", se musiek maak die litte los en sorg vir 'n opgewonde gees-atmosfeer.



Die tafels word gedek, bykosse vir die aand se lekker eet word voorberei.

Mense kom nader, gewapen met warm kombersies, piekniekmandjies en ietsie "hittig" vir die innerlike. Dis tyd vir die oorskakeling na die belangrike Currie-bekerwedstryd tussen die Pumas en Griekwas. Geen probleem – die klubhuis het al die fasiliteite...die groot skerm verander in die Kimberleystadion en siedaar...rugby met toeskouers is darem net anders.

Na die eindtelling en oorhandigings aan die wenspan staan die tafels gereed vir opskep...mieliepap, stampmielies, sous, aartappeltjies, uitjies, mengelslaai en natuurlik die heerlike vlakvarkvleis. Om die ete mee af te sluit: malvapoeding, vla, koffie, tee.

Natuurlik was daar ook "ge-bok-jol", gelangarmdans en groepdanse het die lagspiere behoorlik geoefen.

Wat 'n wonderlike dag-aand! Dankie vir gesellige samesyn en die geniet van so 'n spesiale byeenkoms. Ons gaan weer kuier – en as jy nie hierdie keer kon deel wees nie, hoop ons om jou volgende keer te sien...want, jy het om die minste te sê...uitgemis!

Nood- en Sekuriteitsbelangegroep



Veels geluk met jou B-graad



Negester wens vir Linah Gomba baie geluk met die verwerwing van haar sekuriteits B-graad!

Ons is bevoordeel om die toegewye Linah by ons hoofhek te kan hê as 'n sekuriteitsbeampte.

Negester inwoners



VETPLANTE IS MOOI EN INTERESSANT

APOCYNACEAE FAMILIE: HOODIA genus

INLEIDING.

In my soektog na 'n plant vir 'n volgende Sterreligartikel, het die Hoodia plante my oog gevang. Ek het daaroor opgelees en wil graag die volgende met julle deel. Hierdie skouspelagtige plante is die eerste keer in 1779 deur Sir Robert Gordon versamel. Hy was 'n ontdekkingsreisiger en bevelvoerder van die Kaapse Garnisoen en het die plant ontdek in sy reis om die mond van die Oranjerivier te vind.

VERSPREIDING.

Hierdie genus plante bestaan uit 13 tot 21 spesies. Hoodias is beskermde inheemse plante wat van die suidweste van Angola, aangrensende binnelandse kus van Namibië tot die suide, die Oranjerivier omgewing, Groot Karoo en Namakwaland suidwaarts deur die Klein Karoo, voorkom.

BESKRYWING.

Hoodias behoort tot Groep 2 (Apocynaceae familie) van die hoofgroepe(families) vetplante waaronder die aasblomplante ook ingedeel is. Hulle het vlesige regopstaande stamme/stingels wat met stekels bedek is. Die stekels word enkelvoudig gedra en nie op areole soos by kaktusse nie. Hulle is ook nie so skerp en gevaarlik soos die dorings van kaktusse nie. Hoodias is dus vetplante en nie kaktusplante nie. By sommige spesies kan tot 50 stamme op een plant voorkom. *Hoodia flava* (geelghaap) het klein geel blommetjies, *Hoodia pilifera* subspesie *annulata* (persghaap) met donkerperserige, bruin kleurige blomme, dig saamgepak op die bopunte van die stingels. *Hoodia gordonii* het stamme tot 1 meter hoog en groot vleesagtige, piercingvormige blomme. Een plant kan tot 30kg weeg. Hoodias blom gewoonlik van Augustus tot April. Die blomme ruik effens onaangenaam.

GEBRUIKE.



Hoodia gordonia(Bitterghaap)

Die *Hoodia gordonia* (bitterghaap, Wolwe-gaat, Ghobba, Jakkalsghaap, Muishondghaap), is die bekendste en mees algemeen gekweekte spesie. Die boesmanvolk het hierdie plante rou, met die stekels verwijder, geëet om dors en honger te onderdruk.

Hierdie gebruik het tot intensiewe industriële navorsing geleid en verslankingsprodukte met hoodia as bestanddeel het op die winkelrakke van westerse lande verskyn.

Nog 'n plant wat tot die APOCYNACEAE (Melkbosfamilie) behoort, is die *Tavaresia barklyi* (Duiwelstrompet) genus wat heelwat ooreenkoms met die Hoodia het. Dit is

'n bedreigde, blaarlose stamvetplant met polle. Die blomme is buis- of trompetvormig, vyf kort liggeel kroonblare met pers spikkels en vratte aan die binnekant. Die stamme is ook met stekels bedek wat nie dorings is nie.

Die *Tavaresia barklyi* is na Sir Henry Barkly vernoem wat van 1870 tot 1877 goewerneur aan die Kaap was. Hy het die plant in 1871 versamel en ook gedokumenteer.

Tot volgende keer, geniet julle plante, dit is goeie terapie.

Cobus Oosthuizen



Tavaresia barklyi (Duiwelstrompet)



Uit Grootjie se kombuis...

"Welbeloontjies"



Bestanddele

500ml (2k) koekmeel
10ml (2t) bakpoeier
10ml (2t) suiker
2ml sout
30ml (2E) botter

1 eier (geklits)
75ml (5E) melk
75ml (5E) water
Appelkooskonfyt/heuning/gouestroop

Metode:

Sif meelblom, bakpoeier, suiker, sout saam.
Vryf botter met vingerpunte in bogenoemde.
Voeg eier, melk, water by. Meng tot stywe deeg.
Rol deeg dun uit.
Sny in repe van 20mm breed en 350 mm lank.
Gebruik 6 stokkies (500mm lank, 15 mm dik).
Draai repies deeg om stokkies.
Maak deeg se oorvleulende punte nat en verseël punte.
Rooster oor matige kole.
Draai gereeld om tot ligbruin en gaar.
Laat gly welbeloontjie vanaf die stokkies.
Skep appelkooskonfyt/heuning/goue stroop in die gaatjie.
Sit voor.
(6 porsies)

Gusta

Hierdie reseppe het my ver laat terugdink aan die Voortrekkerlewe op hoëskool.

Glo daar is nog van julle wat die herinneringe beleef:

Onthou jy dié liedjie?

WAT MAAK 'N TREKKER?

Voortrekkergeledere Melodie: Engels 1. 2. "Wat maak 'n Trekker ver in die veld as hy self sy kos moet gaarmaak? Hy maak 'n vuur en braai oor die kole lekker stokbrood en vars boerewors. Klein pampoentjies, roosterkoek, aartappels en soetpatats: smaaklik die spyse so voorberei! In die veld vind ons boonop rus vir die siel en leef ons ná aan moeder aarde, leef ons na aan moeder aarde."

Annamarie

DIE EINDE

Cobus Oosthuizen

Kom ou Steffie, oubaas sit gou jou leiband aan.
Dis reeds gereël, ons moet nou elders gaan.
Weet jy hoe bitter is dit vir my, hoe groot is ook my pyn?
Twaalf jaar is lank my troue hond, oubaas gaan jou baie mis.
Wie sal my nou soos 'n skadu volg hier in die tuin?
Of op die stoep, as ek TV kyk, die deur agter my bewaak?
So ja, lê maar op jou grys kombers hier in die kar, die rit na elders is nie so lank.
Oubaas sal jou daar ook uit help, jy sal sien, dit sal so wees.
Hier's ons nou, ek tel jou uit, dan kan ons stadig aanstap na ontvangs.
Jy snuffel heeltyd op die grond en aan elke struik.
Wat is dit wat jy daar ruik? Is dit dalk 'n ander hond se angs?
Toemaar Stef, oubaas se hond, jy moenie vrees.
Oubaas gaan ook getrou, tot die einde langs jou wees.
Tel haar op die vlekvry tafel, op haar linker sy, ja, so moet sy lê.
Dit is wat die dokter sê, dit is wat hy wil hê.
Die hare op haar regter voorpoot skeer hy af, steek die naald dan stadig in 'n aar.
Stef, oubaas se hond, jy lê so rustig is dit regtig waar?
Geen asemhaling meer voel ek op die lyf van haar.
Dokter, is sy nou dood, is dit nou klaar?
Sy vingers vee haar oë toe, ja, haal maar die leiband af, jy kan nou gaan, dit is gedaan.



My gemoed is vol, tranе vloei weer oor my wange heen.

Weet net dit oubaas se hond, dat ek nog lank oor jou sal ween.

Laat ook op Steffie daal, o Heer, U ryke seën.

2001 17 September



Carwash@Yourplace

Basic @R120

Wash / Dry / Vacuum

Executive @R150

Wash / Dry / Vacuum / Dash shine
Tyre shine

Special Treat @R180

Wash / Dry / Vacuum / Dash shine
Tyre shine / Hand polishing & Shine

Owner operated / Eienaar toesig

Afsprake / Bookings:

Fc Eloff

Cell: [0849130465](tel:0849130465)



LEER KEN VIR...

Lawrence Nailana

Verjaardag: 5 Mei.

Eggenoot: Anna

Kinders: Lesley 22jr, Julias 19jr, Nindo 17jr, Thomas 15jr, Khosime 12jr.

Pos by Negester:

Service / maintenance

Beskryf jouself:

Friendly - helpful.

Gunsteling kleur?

Brown.

Gunsteling

sportsoort? Soccer.

Sportheld: John Daley.

Gunsteling kosgereg?

Russian & Chips.

Gunsteling nagereg? Koekies.

Gunsteling Outeur? Bybel

Wat is jou stokperdjies? Mark toe.

Waarheen gaan jy/ julle graag vir 'n wegbreak? Bochum - Polokwane.

Noem twee dinge wat jy nog wil doen, wat op jou "bucket list" is. Rus saam met familie.

Wat maak jou hartseer? Mense wat nie saamwerk nie.

Wat maak jou gelukkig? Familie.

Kies een woord:

Kos:	Warm
Seisoen:	Somer
Ry:	Stadig
Vakansie:	Binneland
Persoonlikheid:	Introvert.

ONS NEEM AFSKEID VAN MARYNA VAN DER WALT

Dis met groot hartseer dat ons op 9 Julie 2022 afskeid moes neem van Maryna. Maryna en Chris was inwoners in Njalastraat vir meer as 4 jaar. Maryna was geliefd onder die inwoners, altyd vriendelik en behulpsaam.

Sy word oorleef deur Chris, haar ses kinders, skoonkinders, kleinkinders, uitgebreide familie en vriende. Maryna sal altyd in ons gedagtes wees. Haar heengaan is 'n groot verlies vir ons as inwoners.

Chris het intussen na 'n aftree-oord in Pretoria verhuis. Dié twee mense se plek sal leeg wees in Negester. Chris en familie word sterkte toegegewens in hierdie hartseer tyd.


Nellie





Deur my Negester kameralens

“Memories” vasgevang in ‘n foto vir eendag se onthou . . .



Deel ook jóú “memories” met die inwoners.

KOM NEEM DEEL

Blokraaisel

DWARS

- 1 Dié tipe verlies is een van die mees traumatisiese ervarings van verlies omdat daar geen afsluiting is nie.
- 2 Carol Joubert se geliefkoosde stokperdjie?
- 4 26 Nov-22
- 5 Maria se gunsteling sportsoort?





- 7 ?
- 11 Langs wat is die staproete wat verander is?

AF



- 2 Wie?
- 3 Die blare is ovaalvormig, spitslopend aan beide ente en bedek met 'n baie dun, wit viltagtige lagie wat aan elke blaar 'n kokon voorkoms gee?
- 6 Sy binneleisels is te kort?
- 8 Die nuwe, geskeduleerde OMGEWINGS-INLIGTINGS LENTEDAG vind plaas op _____ September?
- 9 Beoordelaars van Negester wintertuinkompetisie is: Dawie, _____ en Des?
- 10 Waarvan word 'n pasta gemaak wat help vir jig?



Baie geluk aan ons wenner!!

Neem 'n foto van die voltooide blokraai en whatsapp na 0824604570. Onthou om jou naam en huisnommer by te voeg.

* * * * *

KOPKRAPPER



Werk gou hierdie een uit . . . sommer hoofrekene.

'n Wilde eend sit op die water van 'n plaasdam. 'n Swerm wilde eende vlieg oor hom verby en die leier van die swerm groet die eend op die dam. Hy antwoord: "Ja, dag, julle honderd eende". Die leier van die swerm roep: "Nee, ons is nie honderd nie, maar ons, en nog 'n keer ons, en die helfte van ons, en'n kwart van ons en jy daarby, dan is ons honderd", Hoeveel eende was in die swerm? (antwoord elders in Sterrelig)

Henk Kruger

SPORT/ONTSPANNING

Tyd	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
06:00 – 06:45					
7:30 - 9:30	Jukskei	Jukskei	Jukskei	Jukskei	Jukskei
8:30 – 9:30	Biokinetika	Pilates			
10:00 – 11:00			Lyndans		
14:00 – 16:00		Naaldwerk			
10:00 - 11:00	Water aerobics			Water aerobics	
15:00 – 17:00		Tafeltennis		Tafeltennis	
14:00 – 16:00				Speletjies (elke 2 de week)	



Sameroepers: Laat weet asb. vir Sterrelig indien tye van aktiwiteite verander.


* * * * *

Slangstorie

Een van ons minder bekende slange is Bibron se aspis, 'n klein onbeduidende "addertjie" met die byna onuitspreekbare generiese naam van *Atractaspis*, en wel *A.bibronii*. Dit is slank en word selde langer as 25cm. en lewe ondergronds, tussen vermolmde blare en in verlate termiethope waar dit van 'n verskeidenheid organismes leef. Die sypikslang soos dit ook bekend staan, het 'n blinkswart rug met 'n witterige pens, maar word baie selde gesien omdat dit net snags bedrywig is. Diegene wat in onkunde die oulike slangetjie vang, los dit met spyt baie vinnig. Omdat die moladder (nog 'n naam) ondergronds lewe, is sy giftande so geplaas dat dit kan "pik" sonder om die bek oop te maak.



Al vat mens die slang netjies agter die kop kan dit met vinnige bewegings twee pynlike byte na weerskante toedien. Gelukkig is dit nie baie giftig nie en ongelukkig is normale serum, wanneer dit nodig is, oneffektief. "Hulle" sê: 'n goeie byt brand dat dit bars. Die moladder beskik blykbaar oor die vermoë om die hoeveelheid gif wat dit toedien te reguleer en "droë" byte met ligte simptome word soms toegedien.



My sewearige seun, Pieter, was per geleenthed verveeld. Op my aanbeveling vat hy 'n graaf en dolf 'n termiethoop om op soek na 'n swartkopmierslang wat ek al daar teégekom het. Toe hy skree: "Hier's 'n slang," skree ek terug: "Vang hom". Toe hy weer skree: "Hy't my gebyt", was sy ma nie baie ingenome nie. Sonder om op die verdere verloop van sake in te gaan, was hy na 'n nag in die hospital weer ongedeerd op die plaas.

Die afbeelding van *Atractaspis bibronii* se skedel toon die buitengewone groot giftande en is ontleen aan wyle dr Vivian FitzSimons se *Snakes of Southern Africa*.

Vis Visagie

* * * * *

NOU...

nou toe

Afrikaanse spreuke en uitdrukings

Dit is net 'n brekfis.

Betekenis:

Afrikaans: Dit is 'n kleinigheid.

Engels: That's child's play.



...Lag ... traan ...

Die redaksie van Sterrelig is bly saam met die inwoners en personeel met wie dit voorspoedig gaan. Ons harte gaan uit na die mense wat tans in nood verkeer.

Kom krap saam in ons Taalkis...



Net soos in ander tale is daar in Afrikaans ook vaste uitdrukkings; dit is woorde wat saam gebruik word om 'n gedagte weer te gee, bv ter nouer nood, met ander woorde en verdere stappe neem. As ander woorde in plaas van die gewones in vaste uitdrukkings gebruik word, klink dit soms snaaks, bv in plaas van verdere stappe neem kom iemand voredag met verdere voetstappe neem. Mens hoor deesdae ook; met die gevolg is in plaas van

met die gevolg dat. Ek meer ook skool hou is meer algemeen as skool gee. Maar klas gee en onderwys gee is pasmaats

Groete

Henk Kruger



Voël Van Die Maand

Indiese Spreeu
Eng: Common Myna
Acridotheres tristis

Die titel van die rubriekie is "Voël van die Maand" wat dit laat klink asof die voël een of ander ere toekenning kry! Die Myna kry egter die toekenning eerder weens sy berugtheid, want dit is die een voël wat internasionaal eerder verpes word as wat hy liefelid is.

Ons dink ons het 'n groot probleem met hom in Suid-Afrika, maar die spesie is 'n selfs groter probleem in Australië, Nieu-Seeland, Noord-Amerika en Hawaii as hier. Mynas is inheems aan Asië en meer spesifiek in [Iran](#), [Pakistan](#), [Indië](#), [Nepal](#), [Bhutan](#), [Bangladesh](#), [Sri Lanka](#), [Afghanistan](#), [Uzbekistan](#), [Tajikistan](#), [Turkmenistan](#), [Myanmar](#), [Malaysia](#), Singapoer, [Thailand](#), [Japan](#) en [China](#). Dus 'n redelike groot natuurlike verspreiding. In hierdie gebiede kry hy selfs deesdae die wind van voor weens die inbringing van die Javaanse Myna.

Mynas is egter een van die mees suksesvolle spesies ter wêreld en is een van net drie voëls op die lys van die IUCN se top 100 indringerspesies. Dit is interessant dat twee van die drie voëls lede van die Spreeu familie is. Die ander spreeu op die lys is die Europese Spreeu en die kom ook in Suid-Afrika voor en is redelik wydverspreid in die Wes-Kaap. (Die ander bekende indringer voëls in Suid-Afrika is natuurlik die gewone mossie wat volgens oorlewering deur die toedoen van Cecil John Rhodes hier beland het.)

Daar was klaarblyklik alreeds in 1888 'n onsuksesvolle poging om Mynas uit Mauritius in te voer. Uiteindelik het die spesie gevvestig geraak deur 'n paar voëls wat in ongeveer 1902 uit aanhouding in Durban ontsnap het. Teen 1930 is hulle al in Pietermaritzburg en verder teen die Natalse Noordkus opgemerk. Teen 1938 is hulle al in Dundee en teen 1980 sover noord as Hluhluwe gesien. Daar is 'n tweede groep van 'n ander subspesie in ongeveer 1938 in Johannesburg gevvestig. Die Natalse verspreiding het baie vinniger geskied as die in Gauteng en dit is eers teen 1955 wat die spesie die eerste keer in Pretoria opgemerk is. In Natal het hulle die hoëliggende dele van die Drakensberg vermy. Die huidige verspreiding is wyd verspreid in die Noordelike en Sentrale Provinsies van Suid-Afrika, nl. KZN, Vrystaat, Gauteng, Limpopo en Noordwes. In Australië en Hawaii is hulle ingevoer om insekte te vreet wat groenteboere pla en in albei gevalle het dit vir hulle reusagtige probleme geskep. Die Australiërs noem hulle: "Rats of the Sky".

Die Myna se grootste probleem is sy sukses om vinnig aan te teel en weens hulle getalle beskadig hulle vrugte-, groente- en graanoeste. Hulle geraas is baie steurend waar hulle in groot getalle bymekaar kom en hulle versprei myte en luise wat kan lei tot siektes van mens en dier. Hulle raak so hans dat hulle tot kos van mense se borde sal gryp en hulle sal mense en diere aanval as hulle bedreigd voel. As kouvoëls kan hulle leer praat.

Die grootste probleem is egter dat hulle die natuurlike spesies in hulle omgewing verdring deur op nesholtes beslag te lê wat dan tot gevolg het dat die inheemse spesies nie kan broei nie.

Hulle is omnivories en vreet dus enige iets: insekte, afvalkos, saad, hondekos en vrugte. Dit ontnem dan die inheemse spesies van kos. Hulle hou wel 'n gevaar vir die mens in want waar hulle langtermyn in huise se dakke vestig kan die ophoping van nesmateriaal in die plafon 'n brandgevaar skep of die plafon kan ineenstort weens die wig.

Wat baie interessant is, is dat hulle hoofsaaklik vestig waar daar menslike aktiwiteit is. Ons sien hulle dus nie in ons bewaringsareas soos die ongerepte dele van die wildtuine nie, maar hulle kan dalk in die kampe en by piekniekplekke voorkom.

Daar is egter geen twyfel dat hulle 'n negatiewe impak op die voorkoms van inheemse spesies in ons dorpe het en dit is dus belangrik dat ons hulle inbringing beperk. Ons kan dit doen deur seker te maak daar is nie plek om te broei in en om ons huise nie en deur seker te maak dat daar nie kos vir hulle is nie. Goed soos hondekos moet dus liefs binnenshuis gehou word en daar moet nie afvalkos soos pampoenskille, en so meer op ons komposhope rondlê nie. Waar daar inheemse voëls in ons tuine broei moet ons probeer verhoed dat die neste deur hierdie rakkers oorgeneem word

Daar is nog net by enkele geleenthede van hulle op Negester opgemerk, maar ons kon darem keer dat hulle vestig deur hulle te vang en te verwijder. Wees maar op die uitkyk vir hulle en stel die Omgewingsbelangegroep in kennis indien jy hulle opmerk



Bonne geraadpleeg:

Wikipedia

Sasol Voëls van Suider-Afrika 5de uitgawe

Sappi Birds of South Africa

Jan van Biljon

BOSVELD VOËLKLUB

Boombrokkies

Alhoewel hier nie baie Transvaalboekenhoute op die Negester Landgoed groei nie, sien mens 'n pragtige ry boekenhoute teen die pad aan die linkerkant as jy van die dorp af kom, net voor jy by ons karavaanstaanplekke kom. Hierdie klein tot middelgroot bome wys nou hulle mooi herfskleure. Hulle lyk nogal soos bloekombome met hulle regop stamme en smal, neerhangende blare. Die bas is dik met diep groewe en is nogal vuurbestand. Nuwe blaartjies is pienk-rooi, die bome is dus baie aanskoulik in die lente.



Heydenrych Boompie

Pragtige meubels word van boekenhout gemaak, dit lyk of daar 'n net oor die hout getrek is. Termiete eet nie die hout nie, en dit was dus dikwels gebruik om telefoonpale en waens mee te maak. 'n Rooi kleurstof word verkry deur die hout in water te laat lê.

Ons boomghoeroe, Johan Heydenrych het 'n jong boekenhoutboompie "gered" waar 'n nuwe huis gebou is en dit aan die onderkant van ons Bosveldtuin, oorkant die jukskeibane, geplant. Ons hou almal duim vas dat die boompie 'n mooi groot boom sal word.

Leonora

DIE EENDE KOPKRAPPER
ANTWOORD: 36 eende

DIREKTEUR: Johan van Heerden**SPORT**

Sameroeper:	Vakant
Fietsry:	Stephanie de Haas
Tennis:	Wilna van Zyl
Rolbal:	Leon Raath
Gholf:	Coenie Louw
Jukskei:	Hannes du Plessis
Putt-Putt:	Chris Rademan
Tafeltennis:	Piet van Zyl
Pilates:	Trish Fitzpatrick
Biokinetika:	Hannie Schoeman
Visvang:	Cassie Walkers
Wateraerobics	Charlotte Burger

FINANSIES, BEGROTING, BEPLANNING EN ADMINISTRASIE

Direkteur: Johan van Heerden, Chris Schoeman

Sameroeper: Chris Schoeman

Lede: Flip Snyders; Koos Burger
Johan van Heerden; Allen Wesson

OMGEWING

Sameroeper: Arrie Schreiber

Notuleerde: Evelyn Schreiber

Voëlklub: Jan van Biljon, Gerhard Vosloo
Plante: Johan Heydenrych, Leonora Visagie

Diere: Hannes du Plessis, Rouel Beukes,
Des van Heerden

Terrein: André Greyling

DIREKTEUR:**SOSIAAL**

Sameroeper: Derek Grobler

Lyndans: Annette Swart

Biblioteek: Mary-Ann Venter

Speletjies: Anita Howell

Handwerk: Rita Coetzee

Markdag: Annatjie Ras

Kampeer (Skopsuile): Dawid Appel

Wyngilde: Alida Meyer

SORGDIENSTE**KOMITEE** Alle direksielede

Samerooper: Annatjie Moore

Sorgsentrum: Sr Delia Venter

Lede: Hannie Schoeman, Hennie de Wet,
Herklaas Viljoen.

ONDERSTEUNING (Lief en Leed)

Samerooper: Vakant.

Ondersteuning: Vakant.

KANSA: Nellie Buitendag.

Geestelike ondersteuning: Herklaas Viljoen

KOMMUNIKASIE**STERRELIG**

Redakteur: Ria Fourie

Lede: Henk Kruger; Albert Behrens, Sandra Kemp; Gusta Hoare, Annamarie Krüger

Fotograwe: Albert Behrens

Bemarking: Nellie Buitendach

Finansies: Nellie Buitendach

WEBBLADSY: Angus Hughes

BYBELSTUDIE**Manne Bybelstudie:**

Samerooper: Dawie van Niekerk

DIREKTEUR: Thinus Roos**VEILIGHEID EN SEKURITEIT**

Samerooper: Ben Meyer

Lede: Neville Hoare, Roelf Venter, Gerhard Pretorius, Thinus Roos

ESTETIESE KOMITEE**Direkteur:** Thinus Roos

Lede: Dawie van Niekerk; Wynand Theron

MST:**INSTANDHOUDING-ADVIESKOMITEE**

Samerooper: Dawie van Niekerk

Lede: Johan Marx, Nellie Buitendach,
Dries Schoeman.

DIREKSIE-ADVIESKOMITEE

Samerooper: Chris Schoeman

Regsadviseurs: Chris vd Walt; André Barnard

Lid: Willie Steenkamp



Die Bosveld op sy beste!